Laerskool Horison

DIE SKOOL MET EWEWIG EN SUKSES



Graad 1

2017

Laerskool Horison

Tel: (011) 763-5630/17
Fax: (011) 763-6355

Webwef: www.horison.co.za
E-posadres: hoof@horison.co.za

Geagte Ouers

Baie welkom aan u en u kind(ers) in graad 1. Ons wens u ‘n baie voorspoedige 2017 toe en ons hoop dat u en u kind(ers) baie gelukkig sal wees.

LAERSKOOL HORISON BIED MET GROOT DOELGERIGTHEID SO ‘N VOLLEDIGE OPVOEDINGSPROGRAM AS MOONTLIK AAN aangesien ons voel dat die kind werklik in sy totaliteit opgevoed moet word.

Vanaf graad R word die nuwe leerplan van die Kurrikulum Assesserings Beleid (CAPS) op ‘n sinvolle en weldeurdagte wyse gevolg.

Wat buitekurrikulêre aktiwiteite betref is ons so ingestel dat, al wen ons nie altyd nie, ons steeds sorg dat ons kinders altyd waardige deelnemers bly. Ons probeer dus om ‘n besondere standaard te handhaaf deur alles van harte en met daadkrag te doen maar steeds volgens die eise van Kol. 3:23. Hierdie genoemde werkswyse verseker dat ons nie werk om beter as ander te wees nie, maar het gewoonlik die ingeboude waarborg van sukses. As ons sukses lei tot waardering van ander weet ons baie deeglik aan Wie dié eer toekom!

<u>Die volgende inligting is van groot belang</u>:

1. **Toelatingvereistes:** U kind is van verpligte skoolouderdom vanaf die jaar waarin hy/sy 7 jaar oud word tot aan die einde van die jaar waarin hy/sy 15 jaar oud word. Dit geld vir alle kinders, selfs al het hulle nog nooit skool gegaan nie.

2. **NB. Volgens Departementele regulasies is dit verpligtend dat die skool 'n *gewaarmerkte afskrif* van die geboortesertifikaat (I.D.) asook u kind se *immuniseringskaart* moet inhandig**. Ons sal dit waardeer as u hierdie dokumentasie sal saambring of –stuur wanneer u u kind kom inskryf.

3. Die huidige kurrikulêre fooi per kind is R1000 vir 2016, en die skoolfooie vir 2016 is huidiglik dertien duisend ses honderd en vyftig Rand (R13 650) per kind. Fooie vir 2017 sal deurgegee word. Daar sal ook 'n ***Afbetalingsooreenkoms*** aan u gegee tydens die Inligtingsvergadering. Voltooi dit asb. en besorg die kontrak so gou as moontlik terug by die skool.

4. Klaskamers vir graad 1 is op die grondvloer van die Langenhovenblok.

ALGEMENE REëLINGS VIR DINSDAG 10 JANUARIE EN VIR WOENSDAG 11 JANUARIE 2017 VIR DIE NUWE GRAAD-EENS EN HULLE OUERS IS SOOS VOLG:

REëLINGS VIR DINSDAG 10 JANAURIE 2017

1. Die skool begin amptelik op **WOENSDAG 11 JANUARIE 2017**. *Ons sal dit egter baie waardeer as u, u graad 1-kind(ers) reeds op **DINSDAG 10 JANUARIE 2017 om 08:00** skool toe sal bring.* Ons sal u en u kind(ers) in die skoolsaal ontmoet, waar u sal kennis neem by watter onderwyseres hy/sy geplaas is. U kind word dan na sy/haar betrokke klaskamer geneem en op 'n informele wyse besig gehou tot 12:00. Ons vra vriendelik dat hulle in volle skooldrag skool toe sal kom. Die benodigdhede wat deur u aangekoop word kan asseblief reeds **DINSDAG 10 JANUARIE 2017** skool toe gestuur word.

VIR WOENSDAG 11 JANUARIE 2017 (AMPTELIKE EERSTE SKOOLDAG)

- U neem u kind na sy / haar betrokke onderwyseres.
- U is welkom om by u kind te bly, totdat die skool om 07:30 begin.
- Die kinders verdaag om 13:00 en moet by die klaskamer afgehaal word indien, hy/sy/hulle nie by die Naskoolsentrum bly nie.
- Skool verdaag **Vrydae** om **13:00**.

❖ Maak asseblief gebruik van die kleiner hekkie langs die algemene assistente se kwartiere in Heronstraat. Die hekke sal om veiligheidsredes na 08:00 gesluit word.

Nogmaals welkom by Laerskool Horison. Mag u en u kind/ers dit beleef wat u in die vooruitsig gestel het, ten opsigte van die opvoedingsgeleenthede by die skool.

NASKOOLSENTRUM

LET WEL: Vir naskoolreëlings kontak me. A. Vermeulen (079 517 8914)

SKOOLDRAGVERSKAFFERS

Ons verwys na die volgende verskaffers waar u die skoolklere kan aankoop:

Viva Sport	h/v The Highway en Olivierstraat 10, Florida	Tel: 011/672-7562
Antoinette's Uitrusters	h/v Horn- en Genl. Pienaarstraat, Witpoortjie	Tel: 011/955-2285
Friendly House	Van Wykstraat 13, Roodepoort	Tel: 011/763-2566
Digital Sport	Tel: 011/477-8281	

SWEETPAKKE

LET WEL: Sweetpakke is nie skooldrag nie. Dit word ***slegs aangekoop*** as die leerder deelneem aan 'n sportsoort wat ***seisoengerig*** is.

SKOOLKALENDER 2017

Termyn	Duur	Aantal weke	Aantal dae	Aantal publieke en skoolvakansiedae	Aantal skooldae
1	11 Januarie – 31 Maart	12	56	1+1	56
2	18 April – 30 Junie	11	54	3+1	50
3	24 Julie – 29 September	10	50	2	48
4	9 Oktober – 8 Desember	09	43	0	43
TOTAAL		**43**	**205**	**6+2**	**197**

PUBLIEKE VAKANSIEDAE – 2017

- 20 Maart - Skool Vakansiedag
- 21 Maart - Menseregtedag
- 14 April - Goeie Vrydag
- 17 April - Familiedag
- 27 April - Vryheidsdag
- 28 April - Skool Vakansiedag
- 1 Mei - Werkersdag
- 16 Junie - Jeugdag
- 9 Augustus - Vrouedag
- 24 September - Erfenisdag

G.F. VAN DER WALT
SKOOLHOOF



GRAAD EEN BENODIGDHEDE 2017

(a) 2 pakkies uitdraai vetkryt
(b) 2 pakkies inkleurpotlode
(c) 6 HB-potlode
(d) Potloodskerpmaker met bakkie
(e) Rondepunt skerp skêr
(f) 2 uitveërs
(g) 1 Potloodsakkie
(h) 1 pak fotostaatpapier
(i) 1 legkaart 80 – 100 stuk
(j) 4 stafies "Pritt" (gom)
(k) Stoelsakkie, voorskootjie en "Boekesakkie" om boeke te beskerm. (By die skool beskikbaar)
(l) Kosblik
(m) Tas (geen wielietjietasse nie)
(n) 1 groot doos snesies
(o) 6 wasgoedpennetjies
(p) 1 handdoekrol
(q) 2 swart vullissakke
(r) 2 toiletrolle
(s) 2 vloeibare seep-houers

Oranje sporthempie vir Denim-Vrydae
(By leweransiers beskikbaar)

Graad een-leerders word die eerste amptelike skooldag Afgeneem.

Fotopakket: 1 A4-foto
1 13 x 18 cm foto
4 ID-foto's **- 1 vir skool**

L.W. Merk asb., waar moontlik, alle items en klere met u kind se naam.